

Tema: Jesus is ons belydenis! Hou met vrymoedigheid en trotse oortuiging tot die einde toe styf aan Hom vas!

Lofsang met die oog op die erediens

Sb 1-3: 1, 2, 3 (Mel Ps 128-1)

Lied 241: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Sb 1-6: 1, 2, 3

Votum (Open 21: 5 – 7)

Seën

Lofsang Ps 111-2: 1, 2, 3

Ons verootmoedig ons voor God

Wet uit Eksodus 20

Sing Sb 14-4: 1, 2, 3, 4

Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Skriflesing: Hebreërs 3: 1 - 6 (1933 Vertaling)

Teksverse: 1 en 6

Sing Lied 168:1, 2, 3 (Kleuterbediening)

Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gemeente bely geloof hardop saam: 12 Artikels van ons Christelike geloof

Sing Sb 3-4: 1, 5

Seën

Amenlied: Sb 13-3

Liefdegawes vandag vir Diakonie (groot boks) en by die deur vir die Teologiese Studentekas

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wat 'n wonderlike genade om vanmore saam met die skrywer van Hebreërs te kan bely: Ons glo in Jesus Christus! Hy is ons Verlosser en Koning!

Ons kan nie anders as om ons geloof in Jesus so te bely nie, nê? Stem jy saam? Kyk 'n bietjie terug na Hebreërs 1 en 2! Kyk net wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het! Daardie wonderlike Boodskap en BoodsAPPER van God!

Ons het verlede Sondag gehoor hoe hierdie Jesus ons kom deel maak het van sy Goddelike heerlijkheid en heerskappy. Hoe Hy ter wille van ons ongelooflike pionierswerk kom doen het, afstand gedoen het van sy hemelse heerlijkheid en mens geword het! Hoe Hy ons kom verlos het, hoe Hy ons sy broers en susters kom maak het en hoe Hy vandag ons simpatieke Hoëpriester by God is.

En daarom kan ons vandag ons geloof in Hom bely! Vandag kan ons bevestig: hierdie Jesus is die Een in wie ons glo!

En daarom is is die tema van vanoggend se boodskap: (wys Skyfie 1)

Jesus is ons belydenis! Hou met vrymoedigheid en trotse oortuiging tot die einde toe styf aan Hom vas!

1. Kom ons kyk in die eerste plek na wie ons as gelowiges is. In watter posisie het Jesus het ons geplaas?
2. In die tweede plek kyk ons na Hom wat ons bely! Jesus! Hy is ons getroue Apostel en Hoepriester
3. En derdens kyk ons na hoe ons met vrymoedigheid en trotse oortuiging tot die einde toe aan Hom moet vashou

1. Kom ons kyk in die eerste plek na wie ons as gelowiges is. In watter posisie het Jesus het ons geplaas? Hoe het dit gekom dat ons vandag kan glo?

Die skrywer begin deur op 'n besondere manier na ons, wat in Jesus glo, te verwys! Hy beskryf ons op vier maniere. Hy noem ons:

1. Heilig
2. Broers
- 3 deelgenote
4. Huis van Christus

Hoekom "heilig"? Onthou julle nog verlede week se boodskap? Kyk weer na hf 2:10 en 11 (wys skyfie 2). Jesus was die volmaakte, die heilige offer wat ons vir God geheilig het. Om "geheilig" te wees beteken twee dinge: Eerstens: Jy is skoongewas

van jou sonde en nou is jy in wese soos God: sonder sonde! En tweedens beteken “heilig” jy is nou vir God afgesonder! Jy behoort aan Hom.

Die skrywer moedig ons aan om baie noukeurig op te let (dink mooi na) oor alles wat Jesus gedoen het en wat dit vir ons beteken! En telkens gaan ek jou ook daaraan herinner!

Geliefdes, dit is die status wat Jesus aan my en jou gegee het! Dink bietjie mooi wat dit vir jou beteken! Om sonder sonde te wees en aan God te behoort!

Tweedens noem hy ons “broers”. Hoekom “broers” Gaan kyk gou weer in hf 2 vers 11.(Wys skyfie 3) “Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie”. Hy het ons in die huisgesin van God ingebring! Dink bietjie mooi na oor wat dit alles beteken! Om kinders van God te wees!

Derdens noem die skrywer ons “deelgenote”. Waaraan deel ons? Ons deel aan ’n hemelse roeping! Ons geloof se oorsprong lê by God in die hemel! Dit is Hy wat ons gered het en aan ons hierdie vaste geloof geskenk het! Wanneer ek en jy dan vanmore ons geloof bely dan weet ons: hierdie geloof in Jesus, hierdie oortuiging dat Hy my Verlosser en Koning is, dit is ’n geskenk uit die hemel! Dink bietjie mooi na oor presies wat dit vir jou beteken! Hoe dankbaar moet ek nie wees nie! Ek wat met leë hande staan, vir my kom gee God hierdie groot geskenk van geloof!

Laastens noem die skrywer ons in vers 6 “huis van God”! Christus het ons ’n woonplek vir God gemaak! God woon nou deur sy Gees in ons harte! Ek en jy is tempel – blyplek, huis van God! Brs en srs, kyk noukeuring! Dink ’n bietjie mooi na oor wat ’n wonderlike genade dit is!

Geliefdes, met hierdie 4 name wil die skrywer beklemtoon: jou geloof se oorsprong lê nie in jouself nie! Dit het ’n hemelse oorsprong! Om te glo is ’n gawe van God! Ek en jy het geen aandeel in die verkryging van hierdie geloof nie! Ons Pionier-Verlosser het ons daarvan kom deel maak! (ds Pieter gaan vanaand verder hieroor praat)

Daarom wys die skrywer ons in die tweede plek ook weer na Hom in wie ons glo! Wie is Hy? Wie is hierdie Jesus in Wie ons glo? Drie dinge word van Hom gesê: Hy is ons Apostel! Dit is ’n nuwe gedagte! Hy is ons Hoëpriester – dit weet ons nou alreeds! En Hy is die getroue bouer van God se huis!

Kom ons kyk wat beteken dit!

Christus is ons Apostel. Hierdie is die enigste plek in die Bybel waar Jesus ’n “apostel” genoem word! Wat is ’n apostel? Dit is iemand wat gestuur word om ’n boodskap oor te dra! Wie het Hom gestuur? Die Vader het Hom na die aarde toe gestuur! Na ons toe gestuur sodat Hy vir ons God se boodskap en boodskapper van redding kan wees! Apostel – Hy kom van God!

En dan word Jesus 'n bouer genoem! Terwyl Hy hier op aarde was, het Hy God se huis kom bou: die kerk! Almal wat in God glo het Hy bymekaar gemaak! Hier word Jesus geteken as die betroubaarste bouer ooit! Moses was deur die Jode beskou as die grootste profeet van die Ou Testament!

En met reg! Want hoor wat het God in Numeri 12 : 6 en 7 oor Moses gesê: “Luister na wat Ek sê: As daar 'n profeet van die Here onder julle is, maak Ek My aan hom bekend deur visioene en praat Ek met hom in drome. ⁷Maar met my dienaar Moses is dit anders Hy is die betroubaarste in my diens. ⁸Met hóm praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here.”

God noem Moses die betroubaarste dienskneg in sy diens! Hier ons teks word Jesus geteken as iemand wat meer is as Moses! Jesus is nie net 'n betroubare dienskneg van God wat die huis bou nie, Hy is God se Seun! Hy is Eienaar-bouer! Hy bou die kerk en dit behoort ook aan Hom! Hy het my en jou in die kerk ingebring! Dit is sy wonderlike werk!

En waar is Hy nou heen? Dit weet ons reeds! Kyk weer hf 2: 17! (wys skyfie 4)
Hy is nou ons barmhartige en getroue Hoëpriester in die hemel by God waar Hy vir met medelye vir ons intree!

Sien jy?

Jesus die Apostel – die Gestuurde vanuit die hemel

Jesus die Bouer – hier op aarde

Jesus die Hoëpriester - terug na die Vader in die hemel!

Ja, dit is Hy in wie ons glo! Hy en Hy alleen kan jou red en aan jou geloof gee! Geliefde br en sr en liewe kinders: as jy vanmore kan bely en sê: Ek glo in God die Vader, Ek glo in Jesus Christus en Ek glo in God die Heilige Gees – dan is dit die grootste geskenk wat jy ooit kon ontvang! Dit is hierdie geloof wat jou lewe en jou sterwe betekenisvol maak! Dit is die ware en die enigste geloof wat jou die lewe gee! Dit is ware hoop en sekerheid van die ewige lewe!

Kan jy dit bely? Sê dan dankie! Dankie Here Jesus dat U dit ook aan my geskenk het! Dankie dat U dit ook aan my kinders skenk! Dankie dat U my nie gelos het soos ek is nie, maar dat U aan my genade en redding gebring het!

En nou roep die skrywer ons in die derde plek op: Hou met moed en trotse oortuiging aan hierdie Jesus tot die einde toe vas! Hy is jou enigste Hoop! Sonder Hom is alles verlore! Hou styf vas aan Hom!

Hoekom sou die skrywer ons aanmoedig om met “moed en trotse oortuiging” aan Jesus “vas te hou”!

Want die Satan en sy magte en die sondige wêreld waarbinne jy leef, gaan alles in hulle vermoë doen om jou moeg en moedeloos te maak en jou probeer oortuig om hierdie geloof in Christus te laat vaar! En hierdie stryd gaan tot die einde van jou lewe voortduur! Wees dus gewaarsku en wees gereed!

Jy het “moed” nodig! Anders gesê: jy moet dapper wees! Soos ’n soldaat wat nie in die geveg weghardloop nie, moet jy met dapperheid bly staan en veg! Beide die terme “moed en trotse oortuiging” wat die skrywer hier gebruik, dui op ’n stryd in die openbare lewe! Daar buite in die wêreld voor die mense – daar moet jy jou geloof verdedig!

Nie met met woorde nie, maar ook met jou daade – met jou lewenswyse! Om nie toe toe te gee aan die versoekinge van die wêreld nie! Die druk van vriende om verkeerde dinge te doen! Die druk van ’n werkgewer om werksomstandighede wat jou oneties wil laat optree. Die nood en beproewing wat jou na wereldse antwoorde laat gryp!

Ja, dit verg dapperheid om tussen jou kollegas, jou vriende en mense wat jou dalk teestaan, te bly by jou geloof in Christus! Die wêreld gaan jou aanvat! Hulle gaan allerhande argumente en redenasies gebruik en jou probeer omgooi in jou geloof! Hulle gaan die swakhede in jou lewe as gelowige gebruik om jou te laat twyfel. Satan sal jou sonde teen jou gebruik om vir jou te oortuig dat jy nie goed genoeg is nie!

Om daar buite vas te staan vra ook “trotse oortuiging” Dat jy oortuig bly in Wie jy glo! Dit is hoekom die skrywer dit hier “trotse oortuiging” noem! Hierdie trots of roem lê nie in jouself nie! Dit lê in Christus! Ons is nie trots op ons eie redding of ons eie oortuiging nie – ons roem in Christus en wat Hy vir ons gedoen het! Ons praat nie oor onself nie! Ons praat oor ons Generaal! Die een wat ons in die geveg gestuur het! Ons krag lê in Hom!

Om hierdie rede beklemtoon die skrywer Jesus as :Die betroubaarste”! Hy wat ons deel gemaak het van die huis van God, Hy sal ons nie in die steek laat nie! Hy sal ons getrou bystaan en help want soos Hy in Matteus 28 vir ons gesê het (wys skyfie 4) : “Aan My behoort al die mag in die hemel en op die aarde” en “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld”. Daarom dat Paulus vir ons in Efesiërs 6: 10 sê: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting van God aan sodat julle op julle pos kan bly staan tot die einde toe!

Geliefdes, om hierdie rede hoef ons nie bang te wees vir die teestand wat ons gaan ervaar nie! Ons moenie moeg word en ons geloof in Christus prysgee nie!

Br en sr en liewe kinders: Ons kan daarom vandag met vrymoedigheid bely en sê: Ons glo in Christus!

Ons kan hierdie belydenis tot die einde vashou! Ons kan tot die einde toe met moed en trotste oortuiging bly sê” Jesus is die Here!”

Amen.